



IN GESPREK MET ALBERT TROSKIE

CASSIE CARSTENS

NG Gemeente Wierdapark-Suid

Hoe lank is jy al by SAKOV betrokke?

Dit was my voorreg om vanaf die stigting van SAKOV op 10 Mei 1980 by die Vereniging betrokke te wees – vir 20 jaar as Voorsitter en as Redakteur van *Vir die Musiekleier* en ook die *Nuusbrief*. Reeds voor 1980 was die behoefte aan 'n professionele vereniging soos SAKOV duidelik. 'n Groot hoeveelheid waardevolle inligting is oor die jare in SAKOV se publikasies en by die streekbyeenkomste aan sy lede oorgedra, en die feit dat die Vereniging nog floreer, bewys die geldigheid van sy bestaan. As erelid is ek nog betrokke en stel intens belang in al die inisiatiewe wat van die Vereniging uitgaan.

Hoekom komponeer jy vir die erediens en wat het jy al gepubliseer?

By SAKOV-streekkursusse het die behoefte aan geskikte liturgiese orrelmusiek gou duidelik geword. SAKOV het die speel van koraalgebonde orrelverwerkings sterk aangemoedig. Dit is, trouens reeds jare daarvoor (vanaf c. 1970) met die Liturgiese Orrelmusiekbande van die UOVS-Kerkmusiekdepartement ingelui. Ek het spontaan begin om orrelverwerkings te skryf omdat dit vir my bevredigend is en omdat dit prakties in die erediens bruikbaar is. Die groot impetus was die verskyning van *Liedboek van die Kerk* in 2001. Skielik het ons oor soveel pragtige nuwe kerkliedere beskik waarvoor orrelverwerkings nodig was. Die gevolg was dan ook my *Liedboekverwerkings vir Orrel en Koor* met 13 orrel- en 16 koorverwerkings wat in 2003 verskyn het. In 2006 het *Liedboekverwerkings vir Orrel en Koor Vol. 2* met 6 orrelverwerkings en 'n aantal inleidings tot gemeentesang die lig gesien. Beide bundels word steeds gebruik. In 2006 het ek die volledige inhoud van bogenoemde twee bundels op 'n dubbel-CD op die pragtige orrel in die NG gemeente Somerstrand, Port Elizabeth opgeneem. Die koorwerke word op die CD deur die kerkkoor van Somerstrand gesing.

SAKOV het in 1988 al begin met 'n reeks albums van Inleidings, Alternatiewe Harmonisasies en korter Verwerkings van Liedboekliedere – 'n proses waarin baie van my bydraes gepubliseer is, en wat nog steeds voortgaan. In 2010 verskyn Volume I van SAKOV se Feesbundel waarin my orrelverwerkings van Pss. 5, 29 en Lied 200, asook 'n *Dankfanfare* op Lied 521 opgeneem is. Die *Dankfanfare* is op versoek van SAKOV vir hul 30-jarige bestaan geskryf.

Volume 2 van hierdie reeks verskyn in 2012 en daarvoor het ek vyf bydraes gelewer – vier orrelverwerkings: op Ps. 146, op Lied 293, 364 en 400, asook ’n koorverwerking van Lied 443. Psalm 146 is ’n feestelike verwerking van die bekende melodie; Lied 293 is ’n fyner verwerking (byna soos ’n musiek-speeldoos) vir gebruik by doopdienste; Lied 364 is ’n tema en vyf variasies op ’n bekende kerslied en Lied 443 is ’n SATB-verwerking van ’n relatief-onbekende maar pragtige Pinksterlied.

Daar is nog heelwat orrel- en koorverwerkings wat in manuskripvorm in my lessenaar se onderste laai lê en wag, en wat hopelik vorentoe uitgegee sal word.

Hoe benader jy verwerkings?

Dis moeilik om te sê waarom ’n mens graag sekere melodieë wil verwerk, en waarom ander melodieë jou glad nie inspireer nie. Dit is egter ’n feit dat ’n melodie en die teks jou sterk moet aanspreek en moet besiel voor jy dit verwerk. Die struktuur van die verwerking hang af van die aard en karakter van die melodie – dit bepaal of dit rustig moet wees (bv. Ps 5 in *Feesbundel*) of feestelik (bv. Psalm 146 in Volume 2). Dit bepaal ook tot ’n mate die tekstuur van die verwerking – word dit ’n toccata, ’n fuga of meer homofonies van aard? Verder moet ’n mens ook bepaal watter harmoniese styl gebruik gaan word. Word dit tradisioneel tonaal (bv. Ps. 146) of gebruik jy ’n effens meer dissonante styl met sekondêre vier- en vyfklanke en toegevoegde note maar steeds tonaal gebaseerd (bv. Ps. 5), of sterk dissonant en atonaal. In laasgenoemde styl voel ek my nie tuis nie, veral nie wanneer ek musiek skryf wat vir erediensgebruik bedoel is nie. Hierby kom dan nog talle spesiale tegnieke wat aangewend kan word, bv. pedaalpunt om ’n pastorale karakter te skep, of bv. dissonante rolakkoorde om donderweer uit te beeld (bv. Psalm 29).

Vanselfsprekend moet die verwerking idiomaties vir orrel en koor, en tegnies deeglik afgerond wees. Dit moet nie deur allerlei foutiewe, lomp wendings en onoortuigende progressies ontsier word nie.

Bo en behalwe al hierdie tegniese vereistes, kom dan die ekstra dimensie van musikaliteit en inspirasie wat bepaal in hoeverre die verwerking slaag en met die luisteraar kommunikeer. Elke verwerking word deeglik op die orrel uitgetoets en baie tyd word bestee aan veranderings en regstellings voordat ek tegnies en musikaal met die eindproduk tevrede is.

Vertel ons meer van Lied 400 wat in hierdie uitgawe geplaas word.

Hierdie pragtige, vorstelike melodie en die liedteks het my gelei om ’n vloeiende tekstuur van agstenote te skep en die verwerking geleidelik op te bou tot by die triomfantlike slotkoraal. Die eerste twee mate van die keerversmelodie word in die verwerking in verkleinde vorm in ’n frase omskep wat sekvensieel herhaal word, en wat vloeiend in m. 9 oorgaan tot die volledige weergawe van die koraalmelodie in die sopraan. Die eerste twee mate van die versmelodie word vervolgens ook in verkleining uitgebou totdat dit in m. 23 in die sopraan verskyn. Let op dat die agstenootbeweging vanaf m. 1 deurgaans volgehou word.

Mate 1-8 word dan herhaal en lei weer tot die verskyning van die keerversmelodie, nou egter gespeel op ’n sterk uitkomende register (bv. Trompet). Nadat mate 17-22 ook herhaal word, word die versmelodie in m. 53 weer eens op die Trompetregister gespeel, maar ter afwisseling nou ’n oktaaf laer. Dit lei direk tot die slotkoraal wat nie in normale blokakkoorde

geskryf is nie, maar met gebruikmaking van rustekens in die middelstemme ten einde die koraal-melodie nog duideliker te aksentueer. In m. 68 volg 'n kort Coda waarin die tematiese materiaal van die openingsmate terugkeer en wat lei na die grootse slotakkoord. In die loop van die verwerking word orrelregisters geleidelik bygevoeg sodat daar 'n dinamiese opbou plaasvind.

'n Slotwoord van jou af?

Ondanks alle vernuwings met ander instrumente glo ek dat die pyporrel nog steeds die hoeksteen van musiekmaak in die erediens is. Om egter swak en onvoorbereid te speel doen skade aan die saak van die orrel. Orreliste moet dus deeglik voorberei – selfs op die mooiste orrel is foute en onmusikale spel duidelik hoorbaar!

Verder glo ek steeds dat geskikte musiek vir die erediens oorwegend koraalgebaseerd moet wees – nie net vir orrel alleen nie, maar ook met die toevoeging van ander instrumente. Dit moet egter met oorleg gebeur en die samespel moet deeglik vooraf geoefen word. My *Kersfeessuite* in Vol. I van *Liedboekverwerkings* is bv. vir orrelsolo geskryf, maar is al baie kere verryk deurdat ander instrumente bygevoeg is.

Dit is goed dat SAKOV voortgaan met die uitgee van kerkmusiek-repertoire, waarvan koraalgebaseerde orrelverwerkings steeds die ruggraat behoort te vorm. Ek vertrou dat Vol. 2 wat in 2012 gaan verskyn, 'n belangrike en suksesvolle bydrae tot hierdie proses gaan wees.